CORE
Metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
Provided by Koers (E-Journal)

MAART.
1960

KOERS

DEEL XXVII
No. 9.

# LEES.

In hierdie artikel wil ek stilstaan by

a) Die belangrikheid van lees as 'n kultuurproduk;
b) Die vervlakkingsprosesse en -faktore in die moderne en beskaafde land;
c) Die taak van die skool en
d) Denkend lees.

## A. Die belangrikheid van lees as 'n kultuurproduk:

Die mens as psigo-fisiese organisme se natuurlike en persoonlike uitings- en sosiale verkeersmiddel is die taal waardeur hy sy gedagtes, gevoelens en strewings uitdruk, d.w.s. sy innerlike openbaar, sy gedagtestelsels, sy profetiese blik en sy oplossing van probleme. Met die taal as 'n gawe Gods troon hy bo die fisiese wêreld met alles wat dit inhou uit, staan daarmee heersend in die skepping, spreek sy naaste aan en loof sy Skepper. Oor die eter wissel hy as kultuurmens sy gedagtes mondeling, maar hanteer die taal ook as 'n geskrewe woord om sy begrippe daar te stel. Die geestelike inhoud wat in die klanke en in die letters vasgelê is, het nie sommer afgerond en klaar tot hom gekom nie. Hy moes dit oor 'n lang periode tot sy eie maak. Die geestelike inhoud daarin vervat kom eers tot hom op die aanskoulike vlak.

Na gelang die denke egter geleidelik ontwikkel, gesteun deur die taal, kom dit tot die onaanskoulike vlak. Die ontwikkeling van die onderste tot die boonste vlak kan duidelik in die lewe van die kind waargeneem word. Voor die skoolperiode word die begripstelsel van die kind hoofsaaklik mondeling vasgelê. Sodra hy skool toe gaan, sluit die taalonderwys by die mondelinge periode aan maar voer die kind verder: hy moet nou kennis maak met die letter en die woord wat sy begrippe verobjektiveer. Geleidelik beweeg hy van die woord tot die enkelvoudige en later tot die samegestelde sin, almal suiwer kultuurskeppinge van die mens om die gesproke woord aan te vul en selfs permanente gestalte te verleen. Mondelinge werk

veronderstel die aanwesigheid van sowel die spreker as die hoorder, 'n liggaamlike tweepolige proses. Die onderwys moet die kind bring tot die situasie waar die spreker (die skrywer) liggaamlik afwesig is en die kind nogtans die geskrewe gedagtes verstaan. Ten opsigte hiervan het die skool 'n belangrike roeping: om die kinders in die lees- en skryfkuns in te lei. Namate daarin geslaag word, sal die mens geklassifiseer kan word as beskaafd of onbeskaafd. Daardie kuns sal hom ook in verbinding moet stel met die Onsienlike soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het. Lees is om verskillende redes belangrik, omdat die uitinge van die menslike gees in druk- en handgeskrewe vorm orals te kry is. Daar is haas geen plek waar die mens hom beweeg, of hy het daarmee in talle vorme te doen nie. Hiervan is die boek natuurlik die belangrikste. Hoe beter hy kan lees, hoe sneller kan hy hom aan die veranderende beskawingsvorme aanpas.

Die groot probleem vir die mens is hoe om genoegsaam leeskuns te bemeester om hom as sosiale wese gelukkig te kan inskakel by die maatskappy en hom ook geestelik te kan verryk deur middel van allerhande boeke wat 'n beeld van die lewe in sy ryk geskakeerdheid op alle gebiede gee. Waar miljoene mense in dieselfde land woon, is die groot probleem hoe om die minimum kennis omtrent die leeskuns tuis te bring om analfabetisme te bestry, 'n wêreldvraagstuk waarmee Unesco hom ook besighou[1]). Die bevindinge is ontstellend. Daar is talle lande waar die geskrewe woord die massa nog nie bereik het nie, met die gevolg dat hulle feitlik net liggaamlik voortlewe, terwyl die siel nog in duisternis gehul is. Hulle wêreld is dus konkreet-aanskoulik en hulle geestesinhoud is min of meer emosioneel-assosiatief opgebou, en ten tweede beskik hulle oor geen stelsel van geskrewe simbole nie. Groot is hulle geestelike verstarring volgens die bevindings van die Unesco-organisasie, nl. „It showed that at least 50 per cent of people over ten years are totally illiterate and that an additional 5 per cent are partially illiterate. Furthermore, almost one-half of the children in the world do not have an opportunity to secure even a primary education." [2]) Daarby ontvang 'n groot persentasie kinders nie eers vier jaar laerskoolonderwys nie. Daarmee word die omvang van ongeletterdheid by volwassenes ook vergroot.

In die beskaafde lande dreun die rolperse voort om leesstof vir die geletterdes teen 'n onafgebroke stroom te verskaf, sodat hulle steeds geestelik gevoed en opgehef word. Om die onbeskaafdheid in talle lande met hulle miljoene te bestry, het dieselfde Unesco-organisasie na lees as die redmiddel gegryp.

### B. Vervlakkingsprosesse en -faktore in die beskaafde lande:

Reken en skryf as eeue-oue fundamentele vakke in die kulturele, intellektuele en sosiale opheffing van die mens is vinnig besig om te ontaard. Hier te lande en oorsee word gekla oor vervlakkende lewenswyse en denke van alle mense. Dat die vervlakking op die gebied van leer hiervoor verantwoordelik is, ly geen twyfel nie. Hiertoe dra die radio veel by. Dit bedien die mens met

die woord teen 'n geweldige tempo. Dit verslind letterlik sy vrye tyd. Die moderne mens word in verband met alle wêreldgebeure oor die eter ingelig, met die gevolg dat hy lui word om te lees en na te dink oor sake. Vir elke mens, waar hy ook al werk of waarin hy ook al belang stel, is daar veel om oor die eter te beluister, meer as wat hy geestelik kan verorber of nie hoef te verorber nie. Dit gaan by die een oor in en by die ander een uit. Wat hy hoor is vervlugtigend, tydelik en gou weg. Dit is sy groot gevaar: dit ontneem die mens sy leeslus. Dit sluit vir hom die blywende bronne van die mens se ontdekkings, uitvindings, ervaringe en belewinge soos in boeke en tydskrifte vervat. Gevolglik sal sy denk- en gevoelslewe skraal ontwikkel. Stillees, gepaard met deurdenking en herlees en verdiepte begrip van sake, raak verlore in die geharwar van klanke oor die eter.

Die radio bring ook na die huislike kring die hoogste en beste kultuurgoedere van 'n volk, sonder om dit na te lees: die beste dramas, gekeurde letterkundige werke, poësie van die beste smaak en musiek wat vir die massa andersins verlore sou wees. Sonder inspanning kan dié goedere verkry word. Dis net nodig om te luister, reseptief aan en op te neem, sonder vorsing en werklike aktiwiteit. 'n Paar uitgesoekte kunstenaars vermaak die massa en ontvang hulle beloning daarvoor. Kultuurgoedere word dus vry maklik bekom, terwyl daar weinig is wat daadwerklik daaraan bou. 'n Volk wat nie op groot skaal die beste kultuurprodukte aktief hul eie maak nie, maar slegs ontvangend daarteenoor staan, moet by ontstentenis aan kennis van kulturele grondslae vervlakkend voortlewe. En dit word ook deur die radio bewerkstellig.

Naas die radio dra die gejaagdheid van die moderne lewe waar elkeen intens besig is en feitlik hardloop om sy beroep te beoefen en sy sake te verrig, veel tot 'n vervlakkende lewenswyse by. Oortydwerk as gevolg van na-oorlogse omstandighede het 'n groot mate van materialisme in die hand gewerk. In plaas van besinning, 'n rusperiode waartydens stokperdjies, soos bv. **lees beoefen kan word** is geprakseer hoe om meer bestaansmiddele te bekom. Hierdie besitdrang, selfs tot weelde-artikels, het meegebring dat denkende lees wat niks materieels meebring nie, om ekonomiese redes opsygeskuiwe is.

Die **Pers**, naas die voordelige wat dit tot stand bring, het die vervlakking van die denk- en leesgewoontes van die mens vinnig omlaag laat gaan. Vir die mens **wat dan nie denkend wil lees nie,** word 'n ononderbroke stroom ontspanningslektuur gelewer waarin moord, doodslag, ondergrondse bedrywighede, bendevorming, ontvoerings, geldafpersing, self- en massamoord, stakings, rewolusie, diefstal en seksuele wanpraktyke hooftemas is. Hiermee word slegs die laere, die beestelike, die liggaamlike in die mens geprikkel, wakker geroep en tot aksie aangespoor. Dit moet noodwendig die denke sodanig besmet dat dit nie daarbokant kan uitstyg nie of liewers op die laere denkvlak van die konkrete belewing en sinnelustige wil vertoef. Hierdie soort leesstof word letterlik verslind en lei tot die emansipasie van

die laagste in die mens. Onkiese, naakte en half-naakte portrette van mense en goedkoop prentjiesverhale gryp die verbeelding van die jong kind in sy teerheid aan en verswelg sy denke in 'n modderpoel. Waar die denke, veral die aanskoulike, die emosionele en die sensasionele vlugtig inneem, moet die essensiële en begripsmatige skade ly. Die leeslus het ongelukkig na die verkeerde kant toe geweldig veel toegeneem. Die geel pers het sy prooi gekry. Die sensasionele laai die mens motories en gee aanleiding tot daadwerklike aksie en jeugmisdaad. Die denke raak aan die emosie ondergeskik.

Tot hierdie emosionele geladenheid en motoriese aksie dra die bioskoopvertonings waarin die kultuurlaag dun is, die eintlike gif in die gees van die mens in. Die prikkelfilm is die populêrste. Die dierlike in die mens word ekonomies uitgebuit. Die prikkeling van die alreeds gehipertrofieerde dierlike emosies kan nie anders as om vervlakkend en vernederend op die massa in te werk nie. **Die doel van die skool en die van die filmbedryf staan hier lynreg teenoor mekaar.**[3]) Die filmbedryf is bewus van die uithuisigheid van ouers in die geïndustrialiseerde maatskappy, waar die huis as stabiliserende faktor feitlik uitgeskakel is en daar nie meer plek vir rustig sit en lees en huiswerk doen is nie. Ronddwalende kinders word opgevang in die netwerk van ydelheid en oppervlakkigheid en aanskoulike beweeglikheid. Die opvoedkundige rolprent is hier nie ter sprake nie. Die feit is dat nie die intellek nie, maar die emosie op die spel is, die sinnebelustige, die grusame en die hartstogtelike. Dikwels is die kleredrag van die sg. „sterre" nie onbesproke nie. Van kuise karaktervorming is daar omtrent geen sprake nie. Eintlik word in die donker die etiese en morele gevoelens wat die mens soms ook artisties hoër laat lewe, deur die vermaaklikheidslokale se dierlik-growwe, demoraliserende gevoelens oorskadu en vertroebel. Daar gaan dit om die emansipasie van die instinktiewe gevoelens, wat in 'n kiese en kuise maatskappy deur die intellek onderdruk word ter wille van verhoudinge wat op eerbied, welvoeglikheid en respek gebaseer is. Sedelike inhoud ontbreek daar. Soveel spanning heers daar dat die kinders voortdurend skreeu en fluit van opgewondenheid. Die menslike handelinge, die temas wat uitgebeeld word, spits die kinders se gedagtes op die immorele toe en vergiftig die brein en hart en gemoed. Prof. Kohnstamm sê ook dat egte kuns inspanning vereis, maar dat in die bioskoop dit eintlik gaan om „. . . de inspanningloze sensatie, die passiwiteit."[4]) Die gevolg is dat i.p.v. die hoër kategoriale denkvorme bevorder word, die laer denkvorme bestendig word.[5]) Die moderne rolprente hou die massa dus in die onderste denklaag, volgens die bewussynslaagteorie van die Duitse denkpsigologiese skool. Dit is juis die doel van die onderwys om die ontwikkelde se voorstellingsverloop van die laagste denkvlak deur middel van die taal op te hef tot die hoëre denkvlakke, tot die skematiese en die onaanskoulike waar die kategoriale denkstelsels hulle voltrek, die eintlike abstraksie.

Die Duitse denkpsigoloë het eksperimenteel vasgestel dat die saak of pro-

bleem waarmee die mens hom besighou, bepaal in watter denkvlak hy beweeg. Die denke wat dinamies van aard is, raak verstard as dit met die lae, die konkreet-aanskoulike gevoed word. In die laasgenoemde laag tree die emosionaliteit sterker as die intellek op. In die hoër niveaus tree dit op die agtergrond, omdat die denke daar domineer. Dit is daarom dat die onontwikkelde gouer as die intellektueel-ontwikkelde mens kan onspoor.[6]) Daarom dat die bioskoop, wat 'n beroep op die laere doen, die mens eintlik verdom, omdat geleentheid tot kritiek nie bestaan nie. Die verwisselende tonele wis dit uit. Daar is geen vertolking van die gebeure of 'n uiteensetting tot helderder begrip nie. Omdat die bioskoop sy prooi, die kind, die jongmens en die volwassene vasgegryp het, is daar weinig geleentheid vir stil lees as 'n vryetydsbestedingwyse. Dit verg te veel inspanning. Daarom word lees vermy. Vervlakking van die denke volg onmiddellik waar lees uitbly.

### C. Die Taak van die Skool:

Afleidend uit die voorafgaande is dit duidelik dat die skool tot verdieping van die denke moet voer. Om dit te kan doen, moet hy middels aanwend wat as teëvoeters van die vervlakkingsfaktore kan dien. **Te midde van die materialistiese sensasiewekkende en plesiersoekende omstandighede, moet die skool die leerlinge bring tot 'n geestesverdiepende vryetydsbestedingswyse.** Dit kan hy doen as hy daarin kan slaag om die mens bewus te maak van die verheffende van lees as goeie ontspanning en tog voedsaam vir die gees. Daarby moet dit die komplekse voorstellings wat emosioneel-aanskoulik van aard is, opbreek en die kind lei tot analise soos die Nutsseminarium vir pedagogiek aan die Universiteit van Amsterdam dit duidelik stel, d.w.s. die kind lei om die „abstrakte of somtyds verborge verhoudinge in te (laat) sien, om dusdoende tot hoër sinteses te kom: die kind se kritiese sin, sy onderskeidingsvermoë, sy redeneervermoë, kortliks, sy hele intellektuele uitsig word verdiep en verbreed. Denkpsigologies uitgedruk, kan gesê word dat dit die doel van die onderwys is om die kind los te ruk van die emosioneel-aanskoulike sfere en hom in te lei tot die hoër abstrakte bewussynslae."[7])

Verder behoort die onderwys aanskoulik te wees. Daarvoor kan die opvoedkundige film 'n uitstekende hulpmiddel wees, mits die konkreet-aanskoulike deur middel van bespreking opgebreek word, sodat die kind gelei word om afleidinge te maak (die skematiese denklaag) en uiteindelik te kom tot 'n eie beskouing daaroor (die abstrakte denklaag). Die gewone bioskoopfilm laat baie aan die verbeelding oor wat die gapings moet oorbrug. Vir die ontwikkelde mens verskaf die onvolledige skematiese voorstellings juis die regte prikkeling om tot hoër abstraksie te kom, maar nie vir die kind nie, omdat sowel die kritiese sin as die ervaring ontbreek. Die skool moet die gaping tussen die aanskoulike en die onaanskoulike denkwyse tot stand bring. Dit doen hy deur die regte verhouding van aanskoulikheid daar te stel en dit op te volg deur analise en daarna weer deur sintese. Aanvullend kan die

leerlinge opgedra word om in die biblioteek sekere aspekte van sodanige films te gaan nalees, om sodoende te bevestig wat aanskou is. Dit bring verdiepte sintese mee.

Vlug lees pas by die moderne maatskappy aan. Die skool moet die kind hiervoor voorberei deur metodes te ontwerp om hom vlug te laat lees met die doel om die kern van sake te peil. Hy moet sekere feite leer ontdek, dinge wat vir die lewe funksioneel waardevol is. Die gewone laer skool met sy talle vakke skiet hierin tekort, omdat dit die kind te breed wil oriënteer en hom veral nie rekenskap kan gee van die presiese funksie van hardop- en stillees nie. **Dis juis op hierdie didaktiese terrein waar die Unesco-organisasie onder aanvoering van Gray die volle lig laat val op verouderde leesmetodes in alle lande en die gebrekkige kennis van onderwysers omtrent stilleesfunksies.** Ten opsigte hiervan moet die skool taalonderrig fundamenteel maak, omdat dit die draer van al sy begrippe is. As sy taalkennis power is, kan hy die gedagtes van ander nie begryp nie. Stillees bring selfkultuur tot stand en versterk die persoonlikheid in al sy uitinge.

Om dit beter te kan besef, moet die primitiewe en die beskaafde volke teenoor mekaar gestel word.

In die beskaafde lande is daar oorvloedige lektuur waarmee die mens wat genoegsaam fundamentele onderrig in lees ontvang het, sy vrye ure nuttig en genotvol kan deurbring. Die pers hou hom daeliks op die hoogte met wêreld- en plaaslike gebeure. 'n Onafgebroke stroom lektuur stroom op hom aan om sy intellektuele drange te bevredig. Sodoende word sy beskouings omtrent sekere sake, sy oortuigings en insigte beinvloed, moontlik gewysig, verbreed en verdiep. Dit is ook moontlik dat wat hy lees, so radikaal met sy eie lewensopvattings bots, dat dit hom dwing om self te skrywe en sake vanuit 'n ander gesigspunt te belig. Op so 'n wyse word sake van verskillende kante belig en tot die algemene opvoeding van die leser bygedra.

As gevolg van die voorafgaande kom weinig analfabetisme in beskaafde lande voor, omdat die volk se kinders verplig word om 'n sekere intellektuele ontwikkeling te bereik voordat hulle die skool mag verlaat. Hulle moet ten minste goed kan lees.

Op skool is 'n opvoedkundige leesprogram van die grootste belang, omdat dit die smaak vir goeie leesstof prikkel. Die leerling sal die voorbeeld van die onderwyser wat keurend lees, dadelik volg. In so 'n leesprogram moet die ouers daadwerklik ingeskakel word, sodat hulle op die hoogste gestel kan word van watter tipe leesstof vir die ontwikkelende kind geestesverheffend is. Die meeste ouers het geen besef van die uitwerking van vervlakkingsfaktore op leesgebied nie. As die ouer self voorbeeldig verheffende leesstof tuis beskikbaar stel, sal hulle vanselfsprekend hulle kinders al minder toelaat om die bedompige en sedebederwende bioskoopsale te besoek.

Die skool moet ook waak teen die verswelging van die Afrikaanse volkskultuur deur die veel sterker Amerikaanse en Britse kultuur. Van oorsee af

waai 'n prentjiesverhalekultus oor die land, met die gevolg dat die kinders gedwing word om aanskoulik te bly lees. Inspanning en denktug ontbreek in so 'n aanskoulike leesprogram. Dit kan die fondament van die volksdenke laat verkrummel. Taal en denke loop parallel. Sonder taalkennis verstar die denke. Daarom die kreet vir moedertaalonderrig om suiwer kultuurvoortplantings bydraes, tot die behoud van nasionale identiteit.[8]) „Het is de taak der school de middelen aan te geven en te leren hanteeren welke de mens dienen tot het opnemen, verwerken, ontwikkelen en doorgeven der kultuur"[9]). Die onontwikkelde massa gryp in hulle minderwaardigheid na die ouer, vreemde en magtige Engelse literatuur en lektuur. Dit is die begin van 'n denasionaliseringsproses waarteen die skool moet waak, sonder om af te doen aan die hoë peil wat van die volkskinders op die gebied van Engels verwag word. Dit is moeilik om die peil van Afrikaans hoog te hou as die studie van die tweede taal feitlik al die aandag opeis. Dit word gesien in die besmetting van Afrikaans deur dit te angliseer. 'n Aap van 'n Engelsman, is nog nie die Engelsman self nie. Met vreemde vere spog bewys 'n mate van minderwaardigheid. Waar geradbraakte Engels of Afrikaans gebruik word, straal die onderwerping van die oorwonnene deur. Die skool moet teen hierdie geestesverplettering waak. Taaltrots opwek is 'n magtige wapen daarteen. Die wonder van Afrikaans dwing tot die handhawing van sy geboortereg op alle handhawing van sy geboortereg op alle terreine van die lewe, deur die gesproke en die geskrewe woord. Deur stil te kan lees word die nasionaal - eie met volle teue ingedrink. 'n Skool dra alleen 'n nasionale stempel wanneer die fundamentele aktiwiteite van die nasie, die taal, die godsdiens, die geskiedenis en al die fyner nuanses van die kultuur onbelemmerd daar beoefen word.[10])

Daarby moet die skool geleenthede skep tot die uiting van die skeppingsdrang van die leerlinge. Waar die massas hiertoe gebring kan word, is hulle gelukkig, anders tree minderwaardigheid in.[11]) Die skool moet dus talle geskrewe stukke van sy leerlinge eis en dit op velerlei wyse aanprys. Daarnaas is lees meer as genot en nut wat daaruit behaal word. Dit moet dinamies wees: dit moet by die aanskouing begin (die bekende) en ontwikkel tot die abstrakte (die onaanskoulike). Hierin lê juis die funksionele kennisvraagstuk opgesluit. Kennis moet funksioneel voordelig vir die mens wees. Daarom moet die skool daardie waardevolle en funksionele leesstof keur. Dit stu die ontwikkeling van die persoonlikheid. Dit sluit aan by die totaliteitspsigologie wat nie klem lê op deelfunksies van die gees (aandag, geheue, ens.) soos die assosiasiepsigologie nie. In 'n geroetineerde, geïndustrialiseerde arbeidskring sug die arbeiders tot die gelding van die persoonlikheid. 'n Verdiepte leesprogram dien as teenvoeter teen die inperkende, knellende arbeidsbande. Vryetydsbesteding op lees toegespits gee adem vir die gees en maak dit vry van ingekerkerdheid. Kohnstamm sê: „Zeg mij hoe Gij uw vrijen tijd besteedt, en ik zal u

zeggen wie Gij zijt."[12]) Genietend lees eerder as onversadigbare spelelus is 'n kuns wat opnuut bemeester moet word. Dit verg inspanning wat die skool alleen kan aankweek. **Alleen op hierdie wyse bestaan daar 'n moontlikheid om die visieuse sirkel te verbreek wat die mens geestelik omlaag wil haal, deur hom te laat aansit aan denkleë maaltye.**

Dit is verblydend dat die onderwysdepartement afstuur op sowel begrypend as snel lees. In 'n ondersoek van my[13]) is o.a. aangetoon dat begrypend lees en snelheid eintlik strydig met mekaar is. In die meeste begripsdoelstellings van onderwysdepartemente word afgestuur op die tipies Amerikaanse opvatting van blote inhoud en reproduksie van feite, m.a.w. die toetsing van die denke op die aanskoulik-konkrete laag, die weergawe van die konkrete data. So 'n leesdoelstelling verhinder die aktiwiteit van die denke op 'n hoër denklaag, juis omdat daar geen begrip is van die begripsvorming na sy funksionele betekenis nie. Gevolglik lewer die skole kinders wie se denke hoofsaaklik op die onderste denklaag beweeg, sonder rekening te hou met die sielkundige feit dat die laerskoolkind in staat is om hoër denkniveaus te betree. Daarby ontbreek dit die onderwyseres aan kennis omtrent 'n didaktiek wat hom toelê op die hoëre denklae van die gees, volgens die opvattinge van die Duitse denkpsigologie en die Nederlandse denkleesmetodiek onder leiding van prof. Kohnstamm. Die land lê dus nog braak.

## D. Denkend Lees

Die groot vraag is hoe om denkleesstof daar te stel wat 'n verdiepte begripsvorming mee sal bring. Daarvoor moet taal en denke en ook lees en denke in hulle samehang gesien word, nl. dat die funksie van stillees is om die leser te bring tot insigte en kennis omtrent verhoudinge, tot 'n onafhanklike oordeel oor sake. Om denkend te kan lees, moet die wanopvatting dat dit noodwendig met snel lees gepaard gaan, prysgegee word, omdat die denke juis genoegsaam tyd vir oorweging, bepeinsing, beskouing, toetsing, navorsing en studie gegun moet word. Eers daarna kan spoed aandag verkry.

Ten opsigte hiervan is die taak van die skool om die denke weg van die platvloerse, liggaamlik-sinlike en die pornografiese vertikaal te laat ontwikkel, om kontak met die hoër geestelikonskoulike te stel waar sin en betekenis van dinge begripsmatig deurstraal. Die kinderlike denke moet gebring word tot die eenheidsgedagte, die doelvolle en die skepping, die onlosmaaklike verbondenheid van voorwerpe wat in relasie tot die mens doelgerig deur die Skepper daargestel is. Daarbuite rig vervlakkende magte die denke tot 'n horisontale beweging. Binne die skool gaan dit om die verheffende, die verdiepende, die vertikaal-bewegende doel, die verdiepte begripsvorming en -kennis, as 'n resultaat van kennis omtrent die ware funksie van stillees en sodanig prakties toegepas.

Pretoria. J. L. du Plooy.

---

1. Gray, W. S. Preliminary Survey on Methods of Teaching, Reading and Writing, Part I & II. (Educational Clearing House.)
2. Idem, Art. 1, bl. 8.
3. Nel, dr. B. F.: Intellektuele Vervlakking

in ons Moderne Maatskappy, bl. 2 — ('n Artikel in my besit.)

4. Kohnstamm, prof. dr. Ph.: Persoonlijkheid in Wording, bl. 500.
5. Nel, dr. B. F.: a.a., bl. 16.
6. Nel, dr. B. F.: a.a., bl. 11.
7. Nel, dr. B. F.: a.a., bl. 12.
8. Nel, dr. B. F.: Die Skool en Nasionale Ontaarding. (Die Huisgenoot, 29 Mei 1936, bl. 31).
9. Langeveld, dr. M. J.: Taal en Denken, bl. 142.
10. Nel, dr. B. F.: a.a., bl. 53 (Die Huisgenoot).
11. Kohnstamm, prof. dr. Ph.: Persoonlijkheid in Wording, Hfst. 1, bl. 312/313.
12. Ibid a.w., bl. 487.
13. 'n Ontleding van die Begripsvermoë van Laerskoolleerlinge in Sts. III, IV en V deur middel van Stilleestoetse. (Ongepubliseerde D.Ed.-verhandeling, Univ. van Pretoria, 1957).